



RAADSKOERANT

BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD

www.volksraad.co.za

kontak@volksraad.co.za

Posbus 1221, Rayton, 1001

Tel: 012 940 4271

Nommer 8

Dinsdag 23 Junie 2015

VOLKSRAADKENNISGEWING

Inhuldiging van Volksraadslede

Mnre. Alwyn Jacobus (Alwyn) de Klerk en Petrus Francois (Frans) Pieterse is Saterdag 6 Junie 2015 op die gebruikelike wyse as lede van die Boere-Afrikanervolksraad ingehuldig. Hulle vul die vakatures wat ontstaan het na die uittrede uit die Volksraad van mnre Ben Geldenhuys en Henk van de Graaf.

Die inhuldigingsdiens het plaasgevind in die Afrikaanse Protestantse Kerk Rayton, en is waargeneem deur ds. Steyn Steenekamp, nadat ds. Hendrik Verwoerd, wat die vorige inhuldigingsdienste gelei het, skielik ongesteld geraak het.

Ds. Steenekamp het na aanleiding van die geskiedenis soos opgeteken in 1 Sam. 4 (vers 21: sy het “*die seuntjie Ikabod genoem en gesê: Wegggevoer is die eer uit Israel...*”) en 1 Sam. 7 (vers 12: “*Toe het Samuel ‘n klip geneem en dit Ebenhaéser genoem en gesê: Tot hiertoe het die Here ons gehelp.*”) aangetoon hoe ook ons volk se geskiedenis deur tye van Ikabod (neerlaag) en Ebenhaéser (hoogtepunte) verloop het. Waar ons ons tans in ‘n Ikabod-situasie bevind, kan God, indien ons ons hoop en verwagting op Hom stel en getrou in sy weë wandel, dit weer in ‘n Ebenhaéser omskep.

Daarna is mnre. De Klerk en Pieterse deur die Voorsitter van die Volksraad Verkiesing Kommissie, mnr. Paul Kruger, as Volksraadslede ingehuldig.

Mnr. De Klerk is die President van die Verkennersbeweging en mnr. Pieterse staan aan die leiding van die HNP in die Vrystaat.

Die verrigtinge is opgevolg met ‘n ete by Diamantvallei, waartydens die nuwe lede in ‘n kort verwelkomingswoord deur die Voorsitter van die Volksraad verwelkom is.



Regsproses m.b.t. ons eis om selfbeskikking

Sedert sy ontstaan het Die Volksraad verskeie aksies geloods om die interne (Suid-Afrikaanse) remedies uit te put soos voorgeskryf deur die Internasionale Reg. Ten einde te bevestig dat al hierdie remedies uitgeput is, en om sover moontlik seker te maak dat die Verenigde Nasies se *Human Rights Committee* nie verskonings van versuime aan ons kant kan aanvoer om ons klag te weier wanneer dit by hulle ingedien word nie, is ons regsverteenvoerder besig om ook kundige kollegas in die Regsberoep se menings oor die aangelentheid in te win.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 15 Junie 2015

Verootmoediging

In antwoord op verskeie versoeke aan die Volksraad om 'n dag van verootmoediging te reël, het die Volksraad besluit om gedurende September vanjaar verootmoedigingsgeleenthede in die verskillende streke in die land te hou ten einde dit vir alle volksgenote moontlik te maak om dit by te woon. Om praktiese redes is dit nie moontlik om dit op een dag te hou nie.

Die Volksraad het met huiwering daartoe ingestem weens die gevaar dat mense kan dink dat God dan as't ware verplig is om daarop te reageer soos ons dit wil hê, en wys graag daarop dat ons reeds bevoorreg is om één dag te hê wat spesiaal vir ons volk daargestel is om ons voor God te verootmoedig, naamlik 16 Desember, Geloftedag. Ongelukkig is daar vele wat dit nie onderhou nie.

Die geleenthede in September word vir die volgende datums en plekke beplan:

5 September:

Worcester, Clocolan, Pretoria;

12 September:

Beaufort-Wes, Bloemfontein, Nelspruit;

19 September:

Klerksdorp en Pietersburg.

Volksgenote wat wil hulp verleen met die reëlings, word versoek om met die volgende persone te skakel:

Beaufort-Wes & Worcester: Mnr. Tiaan Theron 083 944 2290

Clocolan: Mnr. Frans Pieterse 072 335 0555

Bloemfontein: Mnr. Steyn van Ronge 082 574 5365

Klerksdorp: Mnr. Alwyn de Klerk 082 940 8825

Nelspruit: Mnr. Abel Malan 083 626 6800

Pretoria: Mnr. Andries Breytenbach 082 322 6590

Pietersburg: VVK Kantoor 012 803 0712

Die Volksraad sal u deur middel die beskikbare kommunikasiemedie op hoogte hou namate die reëlings daarvoor vorder.

Met betrekking tot besprekings op die sosiale media (FaceBook) oor die Volksraad se geloofsbeskouinge, word volksgenote graag verwys na die geloofsgrondslag wat op die Volksraad se webblad verskyn en wat deur al die Volksraadslede onderskryf word.

(<http://volksraad.co.za/geloofsgrondslag/>)

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 15 Junie 2015

Die Vaste Fondament

"En Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek My van hulle nie afwend om aan hulle goed te doen nie; en Ek sal my vrees in hulle hart gee, sodat hulle van My nie afwyk nie. En Ek sal My oor hulle verheug om aan hulle goed te doen; en Ek sal hulle duursaam in hierdie land plant, met my hele hart en met my hele siel."

Jeremia 32:40-41
